



ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

April 2026 | Volume 3 Uitgawe Nr 29





## KITSNUUS

Lees meer binne


Maatskaplikewerkmaand
Bl 2

Alien groet Wilco
Bl 3

Vlaamse besoekers bou saam
Bl 4

Samewerking bly belangrik
Bl 4

Ekonomiese groei knyp
Bl 4

Kursus: Diensdialoog
Bl 5

Orania Toerismeburo
Bl 6

10 vrae: Lynice de Beer
Bl 7

Mening: Gesondheidsorg
Bl 10

Sporthoogtepunte
Bl 11

Skyf in vir Vasbyt
Bl 12


## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**

060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**

053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Eerste ekonomiese beraad werp lig op toekomsplanne

Dia van Staden - Redakteur

Frans de Klerk, uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy het op 21 Maart tydens die Ekonomiese beraad 'n 5-puntplan bekendgestel. Hy is ernstig daaroor dat besighede en individue 'n Ingesteldheid van onderneming moet inneem. "Alfa faktore is belangrik, neem verantwoordelikheid op jouself deur goeie ekonomiese kultuur te onderhou," sê hy.

Die 5 fokuspunte vir versnelde ekonomiese groei is as volg:

1. Tersiêre en beroepsopleiding
2. Belegging in aftreegeriewe en bejaardesorg
3. Die Stadsboufonds vir die ontwikkeling van infrastruktuur
4. Eendracht Beleggings as voertuig vir belegging en ontwikkeling
5. 'n Ontwikkelingskantoor met fokus op ruimtelike beplanning en ontwikkeling, belegging en ekonomiese ontwikkeling deur die ondersteuning van bestaande besighede en die vestiging van nuwe ondernemings.

Verskeie sprekers is genooi om deel te wees van die aanbiedings onder spesifieke temas.

Susan Nieuwoudt, hoof van die Orania CVO-skool vertel dat die koshuis tans te klein is, maar dat beplanning dit toelaat om in die toekoms te verseker dat CVO 'n tuiste vir kinders van ver gebiede word. "Ons is 'n waardegedrewe skool en wil diensbaar vir die gemeenskap wees," het sy vertel.

Paul Vogel, uitvoerende hoof van Bo-Karoo Opleiding vra die vraag: "Waar kom ondernemers vandaan?" Hy verduidelik dat mense wat goed toegerus is deur inligting die ekonomie laat groei, want jy stel hul in staat om te werk. Daar vloei jaarliks nuwe studente die dorp in en hul ouers raak betrokke in die dorp. Dit vorm deel van die toekomstige werkersmag in die dorp en hy noem dat studente kom omdat ondernemings en 'n gemeenskap betrokke is.

Fanus Becker, besigheidseienaar het tydens die paneelbespreking gesê: "In moeilike tye moet mens buitengewoon innoverend wees. In maklike tye mors jy soms jou kapasiteit."

Na afloop van die beraad het hy aan Koerania vertel dat die beraad 'n goeie geleentheid was om verskillende gedagtes op die tafel te kry. "Ons moet van niks iets

## Tannie Joey vier 'n eeu




Tannie Joey Ackermann het op 2 April haar 100ste verjaardag gevier. Sy is nog flink uit die vere



Karin Bain en André Coetsee het as sprekers opgetree en Gerhard Strauss het die beraad bygewoon.


KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden Grafiese ontwerp: STORM redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180





KOFFIE EN KLETS
met die redakteur



# Twyfel en trane, dan troos

As jy al so entjie in jare gevorder het, dan weet jy dat foute jou vorm. Ons het elkeen al lang trane gehuil oor die foute wat ons gemaak het. Die slegte nuus is dat jy nooit te oud is om foute te maak nie.
Beteken dit dat ek meer gereeld in myself en my vermoë twyfel? Of in my oordeel? Of in my besluite?
Die menslike faktor kan tog so maklik die twyfel na vore laat tree. Wanneer ons werklik ons vertroue in die Vader plaas, dan word foute met so tikkie genade en sagmoedigheid bedek.
In Matteus 14:31 staan daar geskryf: "En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?"
Dit is ongelukkig maklik om in ons geloof te wankel. Ek voel gereeld soos 'n pasgebore kuiken wat maar waggel waggel loop tot my bene sterk of slim genoeg is om my gewig te dra. Dieselfde wanbalans is wat my motiveer om te leer. Om waagmoed aan die dag te lê lei my gereeld na onbekende situasies, mense of plekke.
Het ek 'n allemintige geloof? Nie altyd nie. Twyfel ek gereeld daarin of ek die regte besluite neem? BAIE keer!
Weet ek dat God in beheer is? ALTYD!
In Jakobus 1:6 lees ek: "Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word."
My mosterdsaadgeloof is wat my oor die golwe van onsekerheid dra.
Voordat ek en jy by die troos uitkom, word ons gelouter omdat die vuurdoop nie 'n eenvoudige ervaring is nie. Die hitte wat twyfel en trane bring skep 'n omgewing waarin veg of vlug na die enigste opsies klink. Om deur die newels van emosies te breek, sodat ons weer by die rasionele in die brein kan gaan aanklop, is 'n louterproses.
Die beste plek vir twyfel is op ons knieë. Daar waar God ons in liefde ontmoet – in gebed.
Wanneer Sy troos op ons rus is dit 'n ongekende vrede wat alle verstand te bowe gaan.
Mag jou besluite ongetwyfeld positief wees en jy vertroue in jou eie vermoëns hê.
Jy is uniek geskep. Moet nie probeer inpas nie!

Die wêreld is nat en die winter begin sy jas aantrek. Skink 'n stomende beker koffie (of tee) en kyk die wêreld vierkantig in die oë. Troos is net om die draai...

Dia van Staden

RUBRIEK

# Die Wynvlieg waai in 235 Blok Myself?!

– Wynvlieg Woltemade

Wynvlieg oor selfbeskikking, groot politiek en klein dorpswaarhede
Daar is deesdae baie groot woorde in die lug.
"Selfbeskikking"
"Regte"
"Grondwet"
"Artikel 235"
Dis die soort goed wat mense ernstig laat kyk, stadig laat knik, en dan vinnig op Facebook laat tik.
Bo in die land se politiek vlieg dit behoorlik. Partye gooi dit rond soos warm kole; die een sê dit beteken dit, die ander sê dit beteken niks. En iewers in die middel sit die gewone mens en wonder: Maar wat beteken dit nou eintlik vir my?
Wynvlieg is maar 'n eenvoudige vlieg. Ek verstaan nie al die groot woorde nie. Maar ek verstaan mense.
En hier onder, in Orania, lyk selfbeskikking heeltemal anders.
Hier beteken dit:
jy werk self.
jy bou self.
jy maak self reg.
Maar, en dis waar die ding skeef trek, ons is nie altyd so goed met die "self" deel as dit by eerlikheid kom nie.
Ek sien dit oral.
Ons praat groot oor selfbeskikking, maar fluister oor moeilike goed.
Ons sê mense moet hul eie pad kies, maar kyk skeef as hulle dit doen. Ons glo in vryheid, solank dit lyk soos óns weergawe daarvan.
Dis amper asof ons 'n nuwe knoppie ontdek het: nie net "selfbeskikking" nie… maar "blok".
Blok daai opinie.
Blok daai vraag.
Blok daai ongemaklike waarheid.
"235? Blok hom."
En tog, dieselfde mense wat hard praat oor regte, sit saans stil en wonder oor hul eie besluite.
Dieselfde ooms wat kopskud oor ander se keuses, sit lank op WhatsApp en lees.
Dieselfde tannies wat sê "ons mense staan vas", vra saggies: "Maar wat as…?"
Dis nie swakheid nie.
Dis menswees.
Maar dalk is dit tyd dat ons die twee bymekaar bring:
die groot woorde… en die klein waarhede.
Want selfbeskikking beteken nie net jy kies jou pad nie. Dit beteken jy erken ook wanneer die pad moeilik raak.
Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek sit op Artikel 235 soos op 'n warm stoofplaat, en kyk hoe 'n volk groot praat… maar soms klein stilbly. En ek wonder of ware selfbeskikking nie begin waar ons ophou blok… en begin praat nie.

Kontak Koerania indien jy redaksionele bydraes wil lewer:
redakteur@koerania.co.za

vervolg vanaf bl 1...

maak. Tang en draad is belangrik, want jy begin met niks. Ons moet ons eie liga begin en nie in iemand anders se liga probeer speel nie. Dit kan dalk wees dat al meer vrymoedigheid ontstaan om na mekaar te luister en mekaar beter te hoor. Kruisbestuiwing kan plaasvind sodat daar vrug kan wees."
Entrepreneur, Willie Steenkamp, sê tydens sy spreekbeurt: "Ons moet die regte standaarde stel vir mense wat ons wil betrek. As ons arbeid nie reg is nie, skep ons probleme op langtermyn. Ons bou reeds – 50 000 is 'n bestemming nie net 'n droom nie."
Gerhard Strauss is in die konstruksiebedryf. Hy het die beraad geweldig opbouend beleef. "Dit help 'n sakepersoon om beter te beplan as jy 'n idee het wat die voorlopers mee besig is." Hy beskou die ekonomiese navorsing wat reeds gedoen is, voeg waarde tot elkeen se keuses toe.
Hou Koerania dop vir verdere ekonomiese inligting wat voortaan met lesers gedeel sal word. Kontak vir Werner Fourie by werner@ontwikkelorania.co.za indien jy enige voorstelle het wat ekonomiese groei sal bewerkstellig.




Die Orania Ontwikkelingsmaatskappy se ekonomiese groeimodel dui op die uitdagings en geleenthede om suksesvol te wees.




Fanus Becker, Willie Steenkamp, Elna Wahl en Riaan Jacobs het deel gevorm van 'n paneel wat sekere aspekte van Orania se ekonomiese volhoubaarheid bespreek het.







Werner Fourie, ekonoom en Frans de Klerk, uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy het die program vir die beraad saamgestel en gelei.




Christo Conradie het die betrokke partye bedank vir hulle harde werk en aangedui dat hy bankvas agter die Orania-idee en ekonomiese ontwikkeling staan.




# Ons is geroep vir 'n tyd soos hierdie

Dit is vanjaar 35 jaar gelede dat enkele pioniers die groot taak op hulle skouers geneem het om aan vryheid vir Afrikaners te bou.Dit was mense wat oortuig was van die vryheidsideaal. Vir daardie eerste mense was daar geen enkele pos om voor aansoek te doen nie. Hulle moes planne maak om ekonomies te oorleef. Maar tog het hulle met warm harte gekom, want hulle was geroep vir 'n groot taak.
Daar aan die begin was ons maar bittermin. Ek en John het geskat dat ons so 200 mense was. Oom Danie van Rensburg het as verteenwoordiger van Orania met joernaliste gesels. Hy het gemaklik vertel dat ons 600 inwoners is. Ek en John kon dit nie verstaan nie, en toe vra ons hom daarna. Sy antwoord was dat dit nie goed lyk as ons so min is nie, daarom tel hy sommer familie en ondersteuners ook by! So tel ons maar nog steeds ons mense, en ons is steeds bittermin.
In die beginjare het ons die Kontreiwinkel besit. Ons was dikwels tot laat saans in die winkel; Orania het toe nog 'n handsentrale gehad. As daar saans oproepe was wat die sentrale nie geweet het na wie toe om dit deur te skakel nie, dan is die oproepe na ons toe deurgeskakel. So het daar een aand 'n man uit die buiteland gebel net om vir ons te sê hy dink ons moet 'n tolhek by Orania oprig en dan kan ons al die tolgeld gebruik om Orania te ontwikkel.
Op 'n ander keer het Derek Watts en Susan Puren van Carte Blanche Orania toe gekom om 'n program te doen oor volhoubaarheid. Op daardie stadium het Orania baie "groen" gedink, en ons het talle projekte gehad soos vulliskeiding en permakultuur. Baie van ons het met sonstofies gekook. John sou Derek Watts in Orania rondneem en hy vra toe dat ek dié oggend 'n vrugtekoek in die sonoond bak sodat daar darem iets is om te wys. So het ek die oggend vroeg opgestaan om die mengsel aan te maak, want dit bak lank in die sonoond. Teen agt uur was die koek in die oond, en die verwagting was dat dit teen 11:00 gereed sou wees. Ongelukkig skuif daar toe wolke voor die son in en die koek wil nie gaar word nie. Toe John en Derek van die toer af terugkom, was die koek nog rou, maar Derek moes 'n vliegtuig in Kimberley haal en kon nie later as halftwee vertrek nie. Derek dring toe daarop aan om aan die rou koek te proe! Hy het 'n teelepeltjie vol geproe en toe die koek nadergetrek en meer as die helfte van die rou koek opgeëet! Die volgende dag het ons 'n e-pos van Susan Puren ontvang waarin sy die resep vir Derek gevra het!
Op 'n ander keer het 'n voormalige minister uit die kabinet van Ian Smith van Rhodesië of Zimbabwe by ons in die winkel aangekom. Hy het baie belanggestel in ons strewe en vertel van die stryd en die oorlog in Zimbabwe. Sy groetwoorde sal ek altyd onthou: " Being divided is a luxury you can not afford." Dit was die woorde van 'n man wat toe net 'n paar jaar gelede sy land verloor het, en sy boodskap aan die Afrikaners is: "Being divided is a luxury you can not afford!"
Een Saterdagoggend, so kort voor sluitingstyd, het die burgemeester van Luckhoff by die winkel ingestap. Orania was toe nog vaal en bitterklein. Hy was duidelik nie baie vas op sy voete nie, maar hy het so 'n bietjie in die winkel rondgekyk, op die stoep gaan staan en uitgekyk. En toe sê hy: Die boere het al weer die beste plek gekry!
Dit het my laat dink aan die boek Ester. Hulle was ook 'n baie klein minderheid. Die bose Haman beplan om hulle almal uit te delg. Maar God voorsien so wonderlik. Hy gebruik gebroke mense, Ester en Mordegai, as instrumente om Sy volk te red. Mordegai vra dat Ester na die koning moet gaan om vir begenadiging te vra. Ester stuur 'n boodskap dat sy doodgemaak kan word as sy na die koning gaan sonder dat hy haar geroep het. Mordegai se antwoord was, dat Ester haar nie moet verbeel dat as al die Jode uitgemoor word, sy vrygestel sal word nie. En dan voeg hy by dat sy moontlik gebore is vir 'n tyd soos hierdie.
In wêreldse terme is ons nog steeds min, ons het in Orania nog steeds ietsie oorgehou van ons volhoubaarheidstrewe, ons kan nog steeds nie bekostig om verdeeld te wees nie, want ons is net te min.
Maar tog het die boere die beste plek gekry, soos die burgemeester van Luckhoff gesê het, want die Here het vir ons mildelik voorsien. As ek terugkyk op ons geskiedenis en hoe donker dinge soms gelyk het en hoe daar dan tog, na baie gebed 'n oplossing gekom het, is die hand van ons hemelse Vader baie duidelik. Die Vader van hemel en aarde het dit gewil dat Orania tot stand kom, Hy het ons al deur moeilike tye gelei, Hy het al deure oopgemaak. Maar Hy werk met ons en ons is al vir 35 jaar bewaar sodat ons Sy wil kan doen. Hy het 'n plan met ons.
Orania het 'n roeping in die wêreld om 'n lig vir die nasies te wees. 'n Stad op 'n berg. Soos Mordegai moet ons sê: Ons is geroep vir 'n tyd soos hierdie. Laat ons die dinge wat agter ons is, agterlaat. Dit maak nie saak dat ons min is nie. Dit maak nie saak dat ons klein is nie. Dit maak nie saak dat die wêreld ons wil verdelg nie. Dit maak nie saak dat hulle vir ons lag nie.
Dit maak saak dat ons ons hier is, dat ons gehoorsaam bly aan ons roeping, dat ons in alles wat ons doen na Sy wil sal vra en tot Sy eer sal doen. Dat ons soms die ongewilde keuses sal maak omdat dit die regte ding is om te doen.
Ons kan vanjaar Orania se 35ste verjaardag met groot dankbaarheid vier. Ons hemelse Vader gee vir ons hierdie wonderlike geleentheid om mee te werk aan iets wat groter is as wat ons is, al verstaan ons dikwels nie alles wat gebeur nie.
Die Here het ons geroep vir 'n tyd soos hierdie. Die Here het waarlik vir die Boere die beste plek gegee! Geseënde verjaardag aan Orania!


Lucas Taljaardt en Linda van Antwerpen is twee pioniers wat uitgenooi is om die 35ste verjaardag van Orania saam te vier.


'n Hele rits pioniers, wat vir meer as 30 jaar saam aan Orania bou, het die feesvieringe bygewoon.

VANUIT DIE GEHOOR deur Elna Wahl

# Ledenaweek: Orania Beweging

As jarelange lid van die Orania Beweging, maar vir die eerste keer as deel van die gehoor by die Ledenaweek, was ek Vrydagmiddag aangenaam verras deur die feestelike atmosfeer onder die gaste. Daar het 'n gevoel van opgewondenheid, afwagting en vrolike gemeensaamheid geheers.
Groot was die verrassing om jou eie Oraniavlag, vergesel van 'n persoonlike, handgeskrewe groetekaartjie van die Beweging, te ontvang.
Die samesang, die wuiwende vlae en die heerlike belewing van Afrikaner wees het my aangegryp.
Wat 'n voorreg!
Die program, sprekers, etes, verversings en alle ander reëlings was deurgaans uitstekend. Baie geluk en baie dankie daarvoor. Dit laat 'n knop in my keel.
Daar is 'n paar vrae oor wat buite Orania in die groter Suid-Afrika gebeur.
Word elke Afrikaner nog ontroer deur die belewing van ons kosbare kultuurgoedere?
Of bring die dorre leemtes van gebrek aan kultuurbeoefening in die wyer Suid-Afrika 'n ongevoeligheid en 'n afgestompenheid?
Weet ons nie eens meer wat ons nie het nie?



# Corrie word vereer

Joost Strydom, Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging, oorhandig die silwer Klein Reus aan Corrie Jacobs.




Corrie Jacobs se reuse bydrae in Orania oor die algemeen deur grootskaalse ontwikkelingsinsette, en tot die Orania Beweging spesifiek deur te help om die Beweging se finansies te stabiliseer en uit te bou is vir ons 'n riem onder die hart en spreek van baie jare se diens.
Sy het op die Orania Beweging se uitvoerende raad en die Orania Beweging beleggingsmaatskappy se direksie gedien en het selfloos bitter hard gewerk om die instelling te help groei. Sy het altyd kreatiewe planne gehad, rotsvas gestaan in moeilike tye en die personeel verantwoordelik gehou vir vordering maar ook erkenning gegee vir goeie werk. Die Orania Beweging se personeel het tydens hul onlangse ledenaweek 'n Klein Reus lapelwapen van egte silwer aan haar oorhandig, as 'n teken van diep dankbaarheid

# Margie laat 'n reuse leemte



Margie du Plessis het vir bykans 27 jaar haar onbaatsugtige diens aan Oraniërs gegee terwyl sy as persoonlike assistent vir verskeie uitvoerende hoofde by die Orania Dorpsraad gewerk het. Sy tree af en sien uit na rondrits en familietyd.

## Dames by die dorpskantoor groet Margie met liefde en respek

Dankie vir jou vriendskap, ondersteuning en raad. Ek gaan ons geselsies baie mis. Jy gaan 'n groot leemte in die gange van die Dorpskantoor laat. Jy het altyd moeite gedoen om elkeen persoonlik te groet, dankie daarvoor. Mag hierdie nuwe seisoen, vreugde en rus bring. Mag die Here jou seën met goeie gesondheid.
Geniet elke oomblik van jou welverdiende aftrede!
**Lana Fourie**

Margie het 'n sagte hart wat toegewyd agter die skerms werk en sonder aanspraak op erkenning 'n verskil maak. Sy is vindingryk en was daar nooit 'n uitdaging sonder dat daar reeds 'n plan gevorm het nie. Sy is iemand wat met stille vasberadenheid en betroubaarheid altyd bereid was om in te spring waar nodig en kon verseker dat dinge glad verloop. Ons gaan haar sprankel definitief mis.
**Zelda van Staden**

Margie en Maritza – 16 jaar pad saam gestap. Graag herroep ek 'n paar spesiale oomblikke & unieke grappies.
• Soek iets vir die keel – Sout & Asyn skyfies
• Moenie die "Wa voor die perd inspan nie"
• Wie het van die Direksie se sjokolade balletjies gevat?!
• As die kombuis kon praat. Ons het die hele dorp se probleme daar opgelos (Volgens ons)
• Nuwe skoonmakers bietjie vermaak. Daar is 'n museumspook – Pasop vir die tannie met die rooi hakskoene!
• Die kardinaal kom weer!
• Tandartsbesoek. 'n Warm pastei brand steeds al is die mond dood gespuit. Jy voel dit net later.
• As die brandewyntert bietjie sterk uitgekom het. Nie vir sensitiewe eters nie!
• Ligte is aan – as jy die knoppie draai.
• Klere wat rafel – Ek val uitmekaar uit.
• Maak seker dat jy jouself altyd Vrywaar!
• Die Vader sal voorsien.
Tannie het my nie net by die Dorpskantoor verwelkom nie, maar ons werklik in Orania tuis laat voel toe alles nog vreemd was. Dankie vir elke stukkie raad, en vir die kosbare ruimte om openlik te kon praat—sonder enige vrees vir "vervolgverhale" Ek gaan tannie vreeslik mis. Alle voorspoed en vreugde verder.
**Maritza du Plessis**

Margie, die vier jaar was 'n voorreg. Jy het 'n impak op mense se lewens gemaak sonder om dit te besef. Wat ek sal onthou is jou opregte omgee, veral vir my kinders en hulle alledaagse lewens. Of dit nou hulle sport, skool of 'n haarsny was jy het altyd met opregte belangstelling gevra hoe dit gegaan het. 'n Stop by jou lessenaar vir 'n vinnige geselsie was nooit net vining nie. Jy het altyd gehelp sonder om erkenning te wou hê. Jou stille krag, nederigheid en hart wat werklik omgee het my diep geraak. Mag jou volgende hoofstuk soveel mooi inhou.
**Judith Vermeulen**

Na 28 jaar van onwrikbare toewyding neem Tannie Margie aan die einde van April 2026 afskeid van die Orania Dorpsraad, maar die spore wat sy los sal nog lank bly voortleef. Sy was nie net 'n kollega nie maar 'n anker en 'n steunpilaar vir soveel van ons. Elke oggend het sy doelbewus deur die gange gestap om elkeen persoonlik in hul kantore te groet, 'n eenvoudige maar diep betekenisvolle gebaar wat ons dae warmer gemaak het.
Tannie Margie was altyd bereid om haar hande vuil te maak, altyd gereed met raad en altyd eerlik genoeg om jou op die regte pad te hou. Haar wysheid, haar omgee en haar unieke menswees maak haar werklik enig in haar soort. Ons gaan haar nie net mis nie, ons gaan die leemte voel. Sterkte vorentoe en mag jy altyd aan God vashou.
**Filicity Meyer**

Dit was 'n ongelooflike voorreg om sedert 2007 vir 18 jaar saam met tannie Margie te kon werk. Daar is min mense wat kan sê hulle het so lank saam met iemand gewerk vir wie hulle soveel respek en liefde het. Dankie vir alles wat tannie my deur die jare geleer het – in werk en in die lewe. Ons het soveel hoofstukke saam deurgemaak: tye van lekker lag, maar ook hartseertye. Mag die toekoms vir tannie gevul wees met rus, vreugde en vakansies wat nou regtig geniet kan word. Ek gaan tannie verskriklik baie mis!
**Marianne Gerber**

# Die De Jongh 3-ling word 21

Dia van Staden



Reylandrie, Reycheska en Reynier de Jongh vier op 26 April hul mondigwording! Na byna 20 jaar in Orania is dié drie vol planne en drome vir hulle toekoms.

Al drie het hul GED voltooi. GED staan vir General Education Development. Dit is 'n internasionaal erkende program wat dien as 'n alternatief vir 'n tradisionele hoërskoolloopbaan (soos die Nasionale Senior Sertifikaat of "Matriek" in Suid-Afrika). Dit is veral gewild onder tuisleerders en volwassenes wat nie hul skoolloopbaan voltooi het nie, of studente wat 'n vinniger roete na 'n NQF 4-ekwivalente kwalifikasie soek.

Reylandrie is eerste gebore nadat hulle mamma, Driekie, 'n keisersnit moes ondergaan. Tweede het Reycheska haar opwagting gemaak en boetie Reynier het sy kans afgewag tot hy laaste gebore is. Die twee meisiekinders is avontuurlustig en wil graag die wêreld sien. Reylandrie, die oudste, vertel dat die kompetisiefaktor tussen hulle drie van tyd tot tyd 'n uitdaging kan wees. Reycheska is soms nog onseker wat haar gawes behels, alhoewel sy 'n kreatiewe juwelier is en Reynier vind sy pad tussen die twee meisies, maar hy beoog om homself as 'n grafiese ontwerper te bekwaam.

Vir hulle verjaardag word 'n lieflike dag saam met hulle ouers as 'n familie beplan. Pa Reynier en ma Driekie is trots op hulle kroos en wens hulle 'n geseënde nuwe lewensjaar toe.



# Opleiding: Kliëntediens

Diensdialoog word vanaf Woensdag 27 April tot Vrydag 29 April by die GVS-gebou in Orania aangebied. Die 4uur sessies sal oor die 3 dae van 09:00 tot 13:00 aangebied word en sal onderwerpe soos persoonlikheidstipes, selfbeeld, voorkoms, kleredrag en kommunikasiestyle insluit. Die verskillende konflikstyle sal deur Dia van Staden, lewensafrigter, bespreek word en werksetiek sal 'n deurlopende tema wees. Ditjies en datjies van sosiale gesprek en rolspel sal bydra tot praktiese leer. Dienslewering, sosiale etiket en toonbanktaal sal hanteer word. Telefoonetiket bly 'n belangrike aspek wanneer afsprake gemaak word of bestellings geneem word, maar die belangrikheid daarvan word dikwels geignoreer. Dag 3 sal dienslewering van nader bekyk, aangesien Oraniërs graag vir daardie kwaliteite gekomplimenteer en erken wil word. Al die aspekte wat bespreek word het dit ten doel om toerisme in ons dorp te versterk.

"Ek wil sien dat besoekers Orania verlaat met 'n gevoel dat hulle beter diens gekry het as wat hul enigsins verwag het," noem Paul Vogel van Bo-Karoo Opleiding.

**Hier is die skakel vir jou en jou personeel se registrasie: https://bko.co.za/diensdialoog-seminaar/**
**Registreer jou plek deur op die bogenoemde skakel te klik of stuur 'n e-pos na karin@bko.co.za met navrae. Skakel 053 1100620 indien jy meer inligting benodig.**

## Nuwe I-reeks Ora's

Orania het op 10 April nie net die bekendstelling van die nuwe I-reeks Ora-koeponne gevier nie, maar ook rekordbedrae tydens 'n spesiale veiling gesien. Die veiling, wat deel van die bekendstellingsgeleentheid was, het groot belangstelling gelok, met versamelaars en ondersteuners wat bereid was om diep in die sak te grawe vir unieke items.

Van die hoogste bodbedrae sluit in die E-reeks gedenkstel wat R43 000 behaal het, terwyl 'n goue Orania-munt vir 'n indrukwekkende R102 200 verkoop is. Nog groter belangstelling is gewek deur 'n volledige eksemplaar van die nuwe I-reeks met alle advertensies, wat R131 250 behaal het.

Een van die aand se hoogtepunte was die nommer een goue Orania-munt, wat teen R130 500 onder die hamer gegaan het. Altesaam het die veiling 'n bedrag van R631 960 opgelewer—'n duidelike teken van die sterk steun vir die Ora en die simboliese waarde wat dit vir die Orania-gemeenskap inhou.

Die groot bedrae weerspieël nie net versamelaarswaarde nie, maar ook die trots en betrokkenheid van Oraniërs by hul eie ekonomiese en kulturele inisiatiewe. Boer24.com



# Karoosig Aftree-oord spit voort

- Dia van Staden

Die Aftree-oord in Orania het op Donderdag 9 April die sooi vir 'n volgende fase gespit. Die bestuur van die aftree-oord het hul dank teenoor die bestuurder van die oord, Pierre Fourie, en sy span uitgespreek.

Riaan Jacobs, voorsitter van die Karoosigdireksie deel sy dankbaarheid dat die eerste bakstene afgelewer is en ondergrondse infrastruktuur aangelê en betaal is. Hy het verduidelik dat die eerste 11 woonstelle gebou sal word. "Na 12 jaar is ons trots op 'n uitvoerproduk waar ons met 'n vol oord nog eenhede begin bou," noem Riaan.

Frans de Klerk het Groeikrag verteenwoordig tydens die geleentheid en gesê dat die aftree-oord een van die ekonomiese snellers vir Orania is. "Aangesien Orania se bejaardes ook groot bydraes in die gemeenskap lewer, was dit hul keuse om in die eerste woonstelle te belê."



Bettie Schutte is 'n personeellid by die oord en Lucas Taljaardt, wat 'n stigterslid van die aftree-oord is, was haar eerste bestuurder, spog sy.



Riaan Jacobs

Frans de Klerk



Anna Pohl en Helena Maartens klink 'n glasie op die vrolike gebeurtenis.



Dewald Gouws, kontrakteur, Riaan Jacobs, Pierre Fourie en Lucas Taljaardt het daardie eerste Karoosigsooi omgespit.

Betejda Gesondheidshuis
Gesondheidsprodukte • Behandeling • Inligting

MENINGS OPNAME

# Artikel 235: Orania is hier om te bly

## Wat is u mening oor die behoud van Afrikaner-selfbeskikking en Artikel 235?



Jaco Mulder

Selfbeskikking is nie net 'n Afrikaner aspirasie nie. UNPO erken die Afrikaner se reg as 'n onverteenwoordigend Volk(sonder grondgebied) se reg tot selfdeterminasie, politieke outonomie en international erkenning. Elke Volk het die reg om homself te regeer en sy eie toekoms en lot te bepaal. Ons hoef nie omverskoning te vra omdat ons onself wil regeer nie.






Cassien Enslin

Artikel 235 van die Grondwet van Suid-Afrika erken die moontlikheid van selfbeskikking vir gemeenskappe met 'n gedeelde kultuur en taal. Die poging deur MK Party om dit te skrap, wek kommer oor die beskerming van minderheidsregte. Afrikaner-selfbeskikking bly 'n grondwetlike beginsel wat stabiliteit, kulturele voortbestaan en vreedsame samebestaan kan bevorder indien dit binne die raamwerk van die regstaat hanteer word.



Lientjie Brink

Artikel 235 en die Reg tot Selfbeskikking wat in die Grondwet van Suid Afrika beskryf is, gee Orania, en, ander gemeenskappe soos dit, die reg om vrylik te bestaan. Die vraag is dan waarom die MK Party van Jacob Zuma dit nou geskrap wil hê uit die Grondwet?
Hulle sien die Afrikaner as die argitek en uitvoerder van Apartheid, en voer aan dat die Afrikaner ook die meeste uit die "Apartheidstaat" van die vorige bedeling gebaat het.
Wêreldwyd word minderheidsgroepe se regte meer en meer beskerm, maar in Suid Afrika word dit al hoe meer ingeperk. Dit is definitief 'n aanduiding van die opinie dat die staat se magte verder uitgebrei moet word, wat in lyn is met die kommunistiese wêreldbeskouing. Vir my, as libertyn, is daar geen groter gevaar as juis Staatsbeheer nie, en sal Orania se reg tot bestaan definitief negatief beinvloed word as Artikel 235 verwyder word.



Tanya Jonker

Verbasend dat 60 miljoen Suid Afrikaaners bedreig voel deur +/- 5 000 Afrikaners wat self beskikking uitleef. Jou selfbeeld moet regtig swak wees, tot waartoe jy in staat is om na jou eie om te sien. Dis die gevolg as jy afhanklik is van die Staat.

# FAK: KI-kunstenaars op Skryf'it-paneel




Barry Müller, die FAK se nasionale hoof van gemeenskap, geskiedenis en ad hoc-projekte tydens 'n bekendstellingsonderhoud van Skryf'it op Die Groot Ontbyt. (Youtube-Skermskoot)

Dié KI-kunstenaars op FAK-Skryf'it-paneel
Die gewilde kunstenaars Jakkals Vibes en Blixim Straat, wat die musiekbedryf behoorlik op sy kop gekeer het en wie se liedjies vandag 'n stewige staanplek op treffersparades en radiospeellyste beklee, is twee van die kundige beoordelaars van vanjaar se FAK-Skryf'it-liedjieskryfkompetisie.
Dié twee baanbrekers sal spesifiek die inskrywings in die splinternuwe kunsmatige intelligensie (KI)-afdeling van FAK-Skryf'it onder die loep neem. Met dié nuwe kategorie verbind die FAK hom tot die verruiming van die Afrikaanse musieklandskap deur die innoverende en verantwoordelike versmelting van hart en hardeskyf.
Die FAK-Skryf'it-liedjieskryfkompetisie het verlede jaar op 'n hoë noot afgeskop met meer as 580 inskrywings. Sommige deelnemers is egter weens die gebruik van KI gediskwalifiseer. Dit het die FAK genoop om vanjaar se kompetisie te herbedink en 'n vernuwende rigting in te slaan. Pleks daarvan om KI te verbied, word ruimte vir dié skeppings nou in 'n afsonderlike afdeling geskep.
"Ons glo dit is 'n belangrike stap vorentoe vir Afrikaanse musiek," sê Barry Müller, die FAK se nasionale hoof van gemeenskap, geskiedenis en ad hoc-projekte en die dryfkrag agter Skryf'it.
"Met die toenemende rol van kunsmatige intelligensie in kreatiewe prosesse, bied hierdie afdeling aan deelnemers die geleentheid om dié betreklik nuwe landskap te verken en hul skeppingsvermoë op unieke maniere te ontwikkel.

**KI 'n hulpmiddel, nie 'n kunstenaar**
Jakkals Vibes, wat steeds sy lirieke self skryf en bekend is vir sy vars benadering tot musiek en digitale platforms, bring waardevolle insig na die beoordelaarspaneel. Hy is die eerste KI-kunstenaar wat met sy treffer "Heeltemal storn" Maroela Media se top-20-trefferslys gehaal het.
"KI is 'n hulpmiddel, nie 'n kunstenaar nie," sê Jakkals Vibes. "Die emosie, die storie en die bedoeling agter 'n lied bly die belangrikste elemente."

**Hart van storievertel**
Müller sê dit is presies wat die KI-afdeling van Skryf'it beoog. "Ons wil deelnemers aanmoedig om tegnologie verantwoordelik en kreatief te gebruik. Hierdie afdeling skep 'n ruimte waar jong skeppers met nuwe klanke, strukture en idees kan eksperimenteer, terwyl hulle steeds hul eie stem en identiteit ontwikkel. Deelnemers word aangemoedig om nie net op tegniese vermoëns staat te maak nie, maar om oorspronklikheid en inhoud te prioritiseer.
"Ons hoop om 'n nuwe generasie liedjieskrywers te inspireer om grense te verskuif en die Afrikaanse musiekbedryf te verruim. Deur gevestigde kunstenaars en nuwe tegnologie saam te bring, word 'n dinamiese ruimte geskep waar tradisie en innovasie hand aan hand kan ontwikkel," sê Müller.
Die hart van musiek bly onveranderd, sê hy. "Om stories te vertel, emosies te deel en mense bymekaar te bring deur oorspronklike lirieke, bly die kern van die kompetisie. Met die hulp van kreatiewe hulpmiddels soos KI – en die leiding van ervare beoordelaars – kry deelnemers aan FAK-Skryf'it die geleentheid om hul stem op 'n nuwe en opwindende manier te laat hoor.
"Skryf eers sonder KI," sê Jakkals Vibes. "Bou jou fondasie: lirieke, tema, emosie. Gebruik KI daarna as 'n instrument, nie as 'n bron van waarheid nie. As jou identiteit nie duidelik is nie, gaan alles wat jy maak, dieselfde begin klink. Jou stem en storie moet die anker bly."
Hy verklap ook waarna hy spesifiek in die KI-afdeling gaan kyk. "Die idee en emosionele impak dra die meeste gewig. Tegniese vernuf is maklik om met KI te bereik; dit is nie meer 'n onderskeidende faktor nie. Wat saak maak, is of die lied iets sê, of dit bly hang en of dit eg voel – ongeag hoe dit vervaardig is."

**Bewuste fokus op kreatiwiteit**
Pieter Daniel Groesbeek, beter bekend as Blixim Straat, het op sy beurt die afgelope twee jaar bekendheid verwerf vir die vernuftige manier waarop hy KI-klanke gebruik om sy uitdagende en komiese lirieke tot lewe te bring. In November verlede jaar was sy liedjie "Sy is op haar mooiste in my geskeurde T-shirt" heel bo-aan Spotify se Viral 50 in Suid-Afrika.

**Krag in emosie, eerlikheid**
Hy is daarom baie positief oor die KI-afdeling van Skryf'it. "Sulke platforms kan jong kunstenaars leer om tegnologie verantwoordelik en kreatief te gebruik," sê hy. "In plaas daarvan om KI as 'n bedreiging te sien, kan dit eerder 'n hulpmiddel wees wat tradisionele liedjieskryf aanvul. Hierdie samevloeiing van oud en nuut het die potensiaal om die Afrikaanse musieklandskap verder uit te brei en te vernuwe."

Vir deelnemers wat KI wil gebruik, beklemtoon hy egter die belangrikheid van egtheid. Sy raad is eenvoudig: "Begin altyd by jou eie storie, jou eie emosie en jou eie perspektief. "



Die KI-kunstenaars op FAK-Skryf'it-paneel



Pieter Daniel Groesbeeck, oftewel Blixim Straat. (Foto: bliximstraat.com)



Jakkals Vibes agter sy ikoniese masker. (Foto: Verskaf)

# BKO maak geskiedenis

ByBKO se bou- en siviele konstruksie lektor, Hugo Bezuidenhout, bied tans 'n basiese messelwerk-kortkursus vir Afriforumpersoneel in Pretoria aan. Dit is die eerste keer dat 'n BKO-kursus buite Orania aangebied word en hulle is trots om kundigheid oor die Oranjerivier te neem na daar waar dit benodig word. Wanneer eie arbeid ter sprake is, word die kenners natuurlik ingeroep: Oraniërs!
Foto's: Verskaf








Sr Karin Bain en Almarie Kruger

## Die verskil tussen teorie en werklikheid

**Bo-Karoo Opleiding belê doelgerig in beter gesondheidsorg vir ons gemeenskappe. Twee Tuisversorging-lektore het die Distriksbestuurder van Gesondheid en die Areabestuurder by die distrikshospitaal in De Aar ontmoet om een ding reg te kry: meer werklike blootstelling vir BKO se studente.**

**Hoekom is dit belangrik?**
Want 'n versorger wat die stelsel verstaan, kan vinniger, slimmer en met groter selfvertroue optree wanneer dit regtig saak maak.
· **Deur hierdie samewerking word die volgende bereik:**
Kry studente toegang tot klinieke en werklike werksomgewings
· Leer hulle hoe die verwysingstelsel werk — krities vir pasiënte se toegang tot sorg
· Verstaan hulle die CUPs-stelsel en hoe dienste gestruktureer is
· Werk hulle onder direkte supervisie binne verskillende vlakke van sorg
Dit beteken beter voorbereide studente, beter sorg vir pasiënte en 'n sterker gesondheidsnetwerk in die streek.
By Bo-Karoo Opleiding gaan dit nie net oor kwalifikasies nie — dit gaan oor gereed wees om 'n verskil te maak waar dit die meeste tel.



# 10 VRAE AAN...
# Sarel de Villiers



**1. Vanwaar en wanneer het jul as gesin Orania toe gekom en hoekom?**

Eerste besoek was in Oktober 2021 met 'n vinnige oorslaap (Pretoria–Piketberg) Ons het gehou van wat ons gesien het. In Desember 2021 het ons kom kyk of ons hier 'n lewe kon maak. In Februarie 2022 het ons oriëntering (aanlyn) gedoen, verblyfreg gekry en ons eiendomme (huis en besigheidsperseel) verkoop. 15 Mei 2022 toe trek ons in. Ons het getrek vir die Afrikaner ideaal.

**2. Jy het jou vingers in 'n paar pasteie – noem hulle en jou rol binne elkeen?**

Ek en my broer het 'n vulstasie in die Kaap. My broer bestuur die dag-tot-dag gedeelte. Ek het ook 'n besigheid wat matte, banke en matrasse skoonmaak. Ek doen al die werk self soos ek tyd kry. My nuutste pastei is die onderwys. Ek het in 2025 'n NGOS studeer en gee nou skool by Orania CVO-skool.

**3. Watter geleenthede sien jy vir jouself binne die volgende 10 jaar in Orania?**

Op die oomblik gaan die meeste van my tyd in die onderwys in en ek wil graag 'n verskil maak in Orania-kinders se lewens. My liefde is egter steeds besigheid en ek sien myself in een of ander besigheid (ek sal seker soos my oupa en pa nooit werklik aftree nie).

**4.Wat is jou gunsteling antwoord as julle drie dogters sê hulle is honger?**

Lyk hierdie dalk vir julle soos 'n hotel? Kom ons bel Die Plaastafel!

**5. Wat is vir jou die drie belangrikste eienskappe wat jou vriende moet hê?**

Lojaliteit; aanvaarding sonder oordeel (almal maak soms foute); om net gemaklik te wees en dinge te vat soos dit kom.

**6. Wat doen Sarel en sy gesin in hul vrye tyd?**

Haha!
Vrye tyd in Orania? Klein dingetjies maak vir ons saak – ons probeer om alles saam te doen al is dit Bondedag, Winterspele of Skoolkultuurfees in Pretoria.

**7. Watter 3 waardes is vir jou belangrik om 'n professionele beeld te handhaaf?**

Wees altyd vriendelik veral as jy 'n besigheidseienaar is; eerlikheid en betroubaarheid anders sal niemand jou vertrou nie; en netheid.

**8.Wat is 2 tekortkominge wat jy as opvoeder in die skoolkurrikulum merk?**

Die skoolsisteem gee te veel huiswerk – kinders (veral laerskool) moet speel; meer spanbou en karakterontwikkeling is nodig.



**9. Hoe balanseer jy werk en familie?**

Dit bars maar gewoonlik maar ek probeer om my voorbereidingswerk na skool te doen wanneer die kinders aktiwiteite het, of laat in die aand.

**10. Wat van Orania motiveer jou elke dag?**

Die wete dat ek help bou aan die Afrikanervolk se toekoms!

# Huppelkind damesoggend

Dia van Staden



Esna de Beer, skoolhoof van Huppelkind Dagsorgsentrum, is daarvoor bekend dat sy innoverende damesgeleenthede aanbied. In Maart is daar heerlik met wyn, paalsport en soetigheid gekuier.
Yoraldé Grotius het haar sport as instrukteur artisties vertoon en dames teenwoordig kon self hulle lywe aan die sport toets. Sy het visueel vertoon dat oefening selfvertroue en emosionele gesondheid bevorder, 'n sterk en soepel lyf baie voordele het en dat goeie balans jou beter laat beweeg.
Hou gerus Huppelkind se sosiale media platforms dop vir prettige fondsinsamelings wat gedurende 2026 sal plaasvind








# Pekankonferensie plant verhoudings en deel kennis

Dia van Staden

Die A–Z Pekankonferensie is op 15 en 16 April vir die derde jaar suksesvol in Orania aangebied. Dié samekoms van boere, verskaffers, kundiges en leergieriges het reeds gevestig as 'n prakties-gefokusde leerplatform vir pekanneutprodusente en plaasbestuurders wat hul boorde meer winsgewend en volhoubaar wil bestuur.

Volgens direkteure van die A–Z konferensie, Johan Coetzee en Francois Slabber, is hulle in hul noppies oor vanjaar se bywoning, die kwaliteit van sprekers en die entoesiasme van uitstallers en markkenners. Francois sê: "Die konferensie het ná drie jaar 'n eie, duidelik identifiseerbare styl gevestig. Die gehalte van die sprekers was uitmuntend. Die temas wat behandel is het mekaar goed aangevul en die uitstallers gekomplimenteer. Dit was 'n goed georganiseerde geleentheid, gekenmerk deur heerlike kos en 'n gemoedelike atmosfeer onder die konferensiegangers."

Johan Coetzee lewer kommentaar: "Die hoogtepunt van die konferensie was die samesyn tussen konferensiegangers, uitstallers en sprekers. In 'n gesellige atmosfeer, met heerlike kos en 'n praktiese venue en uitstalruimte vir die bedryf, kon almal die konferensie ten volle geniet."

Verskeie individue wat die konferensie bygewoon het, was ingenome met die sprekers en vlot verloop van die volgepakte program. "Dit is 'n riem onder die hart wanneer persone wat die konferensie bywoon hul dienste en deelname vir 'n volgende jaar kom aanbied," vertel Johan. Volgens die organiseerders is dit 'n goeie teken dat hul op die regte pad is en 'n suksesresep beet het.

Behalwe vir sprekers soos Emile de Groot, Dawie du Plessis, Herlu Smith en Johann Steenkamp, wat verskeie vrae tydens paneelbesprekings kon beantwoord, het Dr Elmi Lötze, Jean Kuiper en Saniek du Toit hul vroulike stemme by die groep gevoeg.

Paul Vogel, uitvoerende hoof van Bo-Karoo Opleiding het inligting gedeel oor die studiekursusse wat by BKO aangebied word en meer vertel van hul groei en toekomsplanne. Daar was goeie belangstelling van die boere aangesien die studente potensiële werkers op hul plase kan word.

Die direksie van A–Z sien uit na April 2027 wanneer daar weer kennis en kundigheid gedeel sal word.

PEKANKONFERENSIE A-Z ORANIA


Johan Coetzee


Emile de Groot


Francois Slabber


Johann Steenkamp


Herlu Smith


Jako Pieterse


Die gehoor in die Banketsaal in Orania





Dr Elmi Lötze, Jean Kuiper en Saniek du Toit is drie kundiges wat die gehoor ingelig het oor hul onderskeie temas

# GRONDLYN Christus is ons vaste hoop in Orania

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

– dr Wikus Buys

Die hoop van ons as Christene is vasgebind aan 'n Persoon, aan ons Here Jesus Christus. Deur die doop met die Heilige Gees word die kinders van God vasgemaak het aan die lewe van Jesus Christus self. Daarom kan die apostel Paulus in 1 Tim. 1:1 verklaar dat die Here Jesus inderdaad ons Hoop is. Deur die doop met die Heilige Gees kry ons deel aan Jesus Christus se dood en opstanding. Wat met Hom gebeur het, word ook tot ons lewens gereken. Die Here Jesus se lewe wys duidelik 'n patroon aan van swaarkry en verligting, van vernedering en verhoging. Deurdat die Heilige Gees vir die kinders van God geloof skenk, word hulle lewens vasgebind aan die Lewe self, Jesus Christus. Dit gee ons ontsaglik baie krag en hoop.

**Meer as 'n wens**

'n Christen se hoop in sy lewe is baie meer as net 'n blote wens dat omstandighede anders kan uitdraai. Die ongelowiges ken ook sulke wense, maar die wêreld wat los van God probeer leef, het eintlik geen ware hoop nie, al gebruik hulle soms die woordjie 'hoop'. Wat is nou so uniek aan 'n Christen se hoop? Wel, soos genoem, is die Christelike geloof persoonlik. Dit gaan om 'n intense meelewing met wat met Jesus Christus gebeur het.

**Borg**

Sy lewe staan vir ons tot borg. Sy dood aan die kruis tel in ons plek, sodat ons dood geen skuldbetaling meer is nie. Sy opstanding en Hemelvaart is ook vir ons 'n wonderlike borgskap. Sy opstanding verbreek die grootste ketting wat ons lewens omknel, naamlik die vrees vir die dood. Christus se opstanding ontsluit vir ons 'n toekoms. 'n Toekoms van die moontlikheid van 'n oop graf. Ons lewe eindig nie by die dood nie. Die graf is nie meer ons finale eindstreep nie. Christus se oorwinning oor die dood word ook vir ons as oorwinning geskenk. Hierdie hoop verander ons hele lewe en lewensuitkyk. Ons leef nie meer in vrees nie, maar in blymoedige afwagting oor wat God ons belowe.

Christus se lewe is vervleg met ons lewe. Waar Hy is, sal ons ook wees. Die wonderlike wete dat sy Hemelvaart sy groot troonbestyging is, voed ons hoop. Christus regeer, oor alles en almal. Hy is die Hoof van alle dinge. As sodanig is Hy, as Hoof, ook aan die gemeente gegee, wat die liggaam van Christus is. Ons hoop is dus gesetel in wie Jesus Christus is en wat Hy doen.

**Beleef vaste hoop**

Wat maak jou hoopvol, en wat veroorsaak wanhoop in jou lewe? Weet dat hoop nie 'n blote wens is dat die aaklige werklikheid bietjie anders moet word nie. Leef daaruit dat hoop vas en seker is, aangesien dit verbind is aan Jesus Christus, sy lyding en sy verhoging. Geloof is die hoop op die dinge wat ons nie sien nie. So leer die Bybel ons in Heb. 11:1 : "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."

Geloof is dus om te lewe uit die beloftes en bevele van die Here soos wat dit deur die Woord en Gees aan ons vasgemaak is. Geloof is jou bewys dat jy sal sien waarop jy hoop. Laat Christus self altyd Orania se hoop wees – dan mag ons verseker wees van 'n vaste toekoms uit God se hand, ook in tye van onsekerheid.



## ORANIADAGBOEK

April
24 Steenbok ruk!
24 Dames Fliekaand
30 April – 2 Mei Orania Helpmekaar Vasbyt

Mei
1 Koorsboom Oker
14 Hemelvaart
15 Kaalvoetkonsert
30 Plaasbraai
31 Bittereinderdag (FAK / OOM)

Junie
12 BKO 2026 Kampus Opedag
25-27 CVO-skool Winterspele

Julie
25 Pekanoesfees
Draf in die boord
Klawers in die boord

Augustus
3 Orania CVO-Skool Krieket-toernooi
8 Dames Wynproe-aand
9 Stap vir Jesus
12 Taalweek poppekas
14 Taaldag/Taalweek (Oker)

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za






# MENINGS OPNAME Opvoeding in die kollig

**Minderjarige kinders doen kwansuis Tuisskool, maar ouers is afwesig of werk en hul kinders loop in die strate rond. Wat sou u voorstel moet gedoen word om te verseker dat dié kinders steeds kwaliteit opvoeding ontvang?**


Alida Verwoerd

Ouers dra die grootste verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders.
Opvoeding is nie bloot die oordrag van feite nie,maar die vorming van n mens — n mens wat kan onderskei tussen reg en verkeerd, wat verantwoordelikheid kan dra en met wysheid leef.
Wanneer ouers nie hulle rol ten volle vervul nie, kan die gemeenskap nie terugstaan nie. die kind bly kwesbaar — en waar die fondament ontbreek, moet ander help.
Dit is egter belangrik om te weet dat die gemeenskap nie die ouer vervang nie, maar wel ondersteun en beskerm en lei.
Die gemeenskap/ ons moet seker maak dat ons kinders veilig is— fisies, emosioneel en moreel. Waar daar verwaarlosing of skade is, moet ingegryp word deur verantwoordelike strukture daar te stel..
'n Gesonde gemeenskap help kinders om die basiese waardes te absorbeer; basiese waardes soos respek, eerlikheid en verantwoordelikheid.
Strukture wat kan help is natuurlik skole, kerke, sportklubs en jeuggroepe. n Gesonde gemeenskap stel duidelike grense: dit laat nie toe dat onverskilligheid of destruktiewe gedrag ongesiens verbygaan nie.
Waar ouers faal, word die die gemeenskap n vangnet— nie om oor te neem nie, maar om op te hef, te beskerm en te lei.
Praktiese, doelgerigte stappe wat ons gemeenskap kan neem om verwaarloosde kinders te help. (Hierdie stappe moet konsekwent en georganiseerd wees om kinders te beskerm en op te bou)
1. Skep 'n aanmeldstelsel waar mense verwaarlosing veilig kan aanmeld.
2. Maatskaplike dienste moet deel van hierdie stelsel wees.
3. Organiseer 'n betroubare netwerk van volwassenes om kinders te ondersteun. (bv afgetrede onderwysers, kerkleiers, beraders en ander kundiges met harte wat wil help)
4. Fokus op langtermynverhoudings, nie net eenmalige hulp nie.
5. Skole kan saamwerk om jaarliks kursusse of herfs-en lenteskole aan te bied en/of naskoolse programme vir huiswerk, lees- en rekenvaardighede. Gebruik vrywilligers om individuele aandag te gee.
6. Betrek kinders by sport- kultuur en gemeenskaplike aktiwireite.
7. Bied ouerskap-opleiding aan bbv. oor spesifieke onderwerpe soos aanleer van lees- en reken vaardighede.
Om dit aan te pak behoort daar n gemeenskapsforum geskep te word. Werk en inligting kan uitgedeel word en rekordhou van kinders wat hulp nodig het
'n Gemeenskap verander nie kinders se lewens met groot projekte nie, maar met getroue mense wat opdaag—elke dag.
Daar rus 'n verantwoordelikheid op ons, 'n roeping : nie om ouers te vervang nie, maar om nie weg te kyk nie.
Ons sê: Hier in Orania laat ons nie kinders val nie. Ons is 'n gemeenskap wat nie net praat nie, maar doen; wat nie net hoop nie, maar bou.


Hans van Staden

In Orania sien ons al hoe meer kinders wat glo tuisskool ontvang, maar in werklikheid net in die strate rondlê. Dit is nie bloot n kwessie van luiheid of swak dissipline nie – dit is n gemeenskapskrisis wat ons self geskep het. My mening is dat daar duidelike redes hiervoor is maar dat ons dit ignoreer omdat ons `n ander prntjie van Orania wil uitdra.
Finansiële druk is die eerste hekkie. Hoe kan ons verwag dat jong ouers hul kinders in skole hou as daar nie eens genoeg werksgeleenthede is om n basiese inkomste te verdien nie? `n Minimum loon van R6 000 tot R8 000 is vir baie vroue en jong meisies onbereikbaar. Sonder finansiële stabiliteit word onderrig die eerste ding wat sneuwel.
Tog hou ons dorpsbestuur en ontwikkelaars vas aan kleinlike regulasies en persoonlike voorkeure, eerder as om n klimaat te skep wat nuwe besighede en industrieë lok. Dit is `n selfgeskepte armoede wat direk op die rug van ons kinders land.
Ons skole jaag akademiese prestige na, maar ignoreer die meerderheid van ons jong mense. Die slim leerders sal hul pad vind – met of sonder `n skool. Dit is die ander 50-60 persent wat in die strate beland omdat hulle geen vaardighede in ons skole geleer word nie. Ons hou aan om te doen asof akademiese prestasie die enigste maatstaf van sukses is, terwyl die gemeenskap se werklike behoefte praktiese vaardighede is.
Die harde waarheid is dat baie ouers eenvoudig nie hul kinders se opvoeding ernstig opneem nie. Jong mense verlaat die skool sonder dat hulle behoorlik kan lees, skryf of tel. Tog verwag hulle – en hul ouers – dat daar werk vir hulle sal wees. Dit is n illusie wat ons as gemeenskap bly voed, terwyl die werklikheid is dat niemand sonder basiese geletterdheid en berekeningsvermoën toekoms het nie.
Teen die tyd wat baie van ons kinders die skool verlaat, is hulle moedeloos en lewensloos. Hulle het geen loopbaanrigting nie, geen vaardighede nie, en geen hoop nie. Baie kry nie eens ID-dokumente of lisensies nie, en trou bloot uit oorlewing. Dit is `n kringloop van stagnasie wat ons gemeenskap vasvang – en ons kyk weg.
Ons kan nie langer doen asof hierdie probleem self sal oplos nie. Hoe kan ons glo dat ons kinders suksesvol gaan wees as hulle nie eens hul eerste doel – basiese skoolopleiding – kan voltooi nie? Die waarheid is eenvoudig: sonder onderrig, sonder vaardighede, sonder rigting is daar geen toekoms nie. As ons nie nou optree nie, gaan ons kinders se lewens bly verdwyn in die strate – en die skuld sal ons s'n wees. Ons strewe moet wees na uitnemendheid, en dit begin by ons kinders.


Lana Maree

Vir my is Orania 'n dorp van alternatiewe. Ons soek altyd alternatiewe maniere om dinge te doen of probleme op te los, dus maak dit heeltemal sin dat ons ook die alternatiewe onderwysmetode van tuisonderrig sal akkommodeer. Dat daar onsekerheid en twyfel bestaan oor hoe om dit aan te pak is verseker so.
Volgens wet (nasionaal en internasionaal) moet ons altyd in die beste belang van die kind optree. Die kinderwet sê dat elke kind beskik oor die reg op onderwys. Die reg op onderwys behels dat alle aspekte van die menslike persoonlikheid tot sy volle potensiaal ontwikkel word. Kinderwet, 38 van 2005.
Volgens die nuutste Belawet moet ouers:
- by die departement registreer as tuisonderrig gesinne, en as jy nie binne 60 dae 'n antwoord terug kry van hulle af nie mag jy aanvaar dat jy suksesvol geregistreer is.
- sorg dat tuisonderrig onder leiding van hulself en primêr in die leerder se huis geskied.
- weet dat kinders skoolpligtig is vanaf gr R tot en met gr 9 of die ouderdom van 15 jaar, watter een ookal eerste kom.
- assessering is tans nog 'n taai toffie aangesien die regering nog nie riglyne hiervoor vasgestel het nie en niemand presies weet wat van hulle verwag word nie, maar as kinders per fase op datum gehou word en rekords gehou word van alles wat hulle doen, behoort dit nie 'n probleem te wees wanneer ons wel weet wat hulle wil hê nie.
- kurrikulum mag nie van laer standaard wees as die van publieke skole nie en relevant tot die toekomspad van die kind.
Die Pestalozzi Trust is die regsfonds gestig vir die beskerming van tuisskolers sedert 1993.
By die Dynamis instituut begelei ons tuisonderrig gesinne sedert 2000 om ouers toe te rus en by te staan met vrae soos:
- Wat is tuisonderwys, die uniekheid van jou kind en Uncapped onderwys.
- Wat is in die belang van my kind?
- Wat kan my unieke gesin se sukses bevorder? Hoe groei ons as gesin?
- Watter kurrikulum gebruik ons?
Indien jy, wat jouself 'n tuisonderrigouer ag, nie seker is wat om te doen nie, kontak ons gerus by www.lighthouse.co.za of skakel Lana by 0828591829.


Ilze Smit

Die toenemende verskynsel waar minderjarige kinders sogenaamd tuisskool ontvang, maar sonder voldoende toesig of gestruktureerde leer, is 'n ernstige bron van kommer. Tuisskool kan 'n waardevolle opvoedkundige alternatief wees, veral vir kinders wat nie in die hoofstroom skoolstelsel inpas nie, maar slegs indien dit verantwoordelik en volgens die nodige riglyne bestuur word.
Dit bly die ouers se plig om te verseker dat alle wetlike vereistes nagekom word en dat hulle volle aanspreeklikheid neem vir hul kinders se opvoeding en welstand. Tuisskool vereis aktiewe betrokkenheid en kan nie effektief plaasvind waar kinders aan hul eie lot oorgelaat word nie.
Om te verseker dat hierdie kinders steeds kwaliteit opvoeding ontvang, stel ek die volgende voor:
1. Kurrikulum: Tuisskoolleerders moet 'n duidelike, gestruktureerde kurrikulum volg.
2. Assessering deur ondersteuning: Wanneer 'n kind by 'n leerskool of ondersteuningsentrum ingeskryf is vir hulp, sal daar ook gereelde assessering plaasvind om te verseker dat die kind akademies vorder.
3. Ouerlike verantwoordbaarheid: Ouers of voogde moet aanspreeklik gehou word vir die daaglikse toesig en opvoeding van hul kinders.
4. Alternatiewe ondersteuning: Vir ouers wat werk en nie deurentyd beskikbaar is nie, kan leerskole of ondersteuningsentrums oorweeg word waar kinders vir 'n paar ure per dag gestruktureerde akademiese begeleiding ontvang.
5. Samewerking en vroeë intervensie: Kinders wat in die strate aangetref word en nie formele skool bywoon of tuisonderrig ontvang nie, moet doelbewus geïdentifiseer word. Deur gestruktureerde verwysingsprosesse en volgehoue opvolg kan hierdie kinders en hul gesinne betyds die nodige ondersteuning, beskerming en opvoedkundige leiding ontvang. Kinders het die reg op 'n veilige omgewing en kwaliteit opvoeding.




# KOERANIA Sport






# BOKKIETOERNOOI 2026

Dia van Staden

Vanjaar se Bokkietoernooi is vir die eerste keer op die Orania CVO-skool se splinternuwe sportterrein aangebied. Die nuwe rugbyvelde is in Februarie deur skoliere, ouers en lede van die gemeenskap aangeplant. Dié toevoeging tot die skool se infrastruktuur is 'n reuse stap tot hul ontwikkeling.

Op 4 en 6 April is 'n o. 25-weergawe van die bekende Bokkieweektoernooie op Orania aangebied. Vanjaar was die negende jaar wat die Bokkietoernooi in Orania plaasvind. Willie Nel het jare op die opvoedingsraad gedien en was 'n bydraende energie om dié ontwikkeling 'n werklikheid te maak. Die terrein is na Willie en sy oorlede broer vernoem en heet nou die Willie en Cobus Nel Sportterrein. Willie bestuur nou die meerderheid van die skool se fondsinsamelingsprojekte.

'n Ontydige wolkbreuk die Vrydagaand, waar meer as 50mm welkome reën geval het, het die velde sopnat gelaat en daar moet geskarrel word om plan B in plek te sit. Behalwe dat die deelnemers se ouers en vriende saam met hulle die naweek kom geniet, ontaard Orania jaarliks in 'n warboel van aktiwiteite, sosialisering en kulturele jolyt tydens dié naweek.

Die sportveld het meestal vir goeie sportmangees gesorg en die toeskouers kon luid bydra tot hulle onderskeie spanne se spel. Tot 2027 sal daar rugby, hokkie en netbal gespeel word soos net die jongklomp dit kan doen!















Die vriendelike personeel van Orania CVO-skool het die verkope by die kostent vlot laat verloop.

O/25 Bokkietoernooi uitslae
Mej. Sprankelbokkie kompetisie:
Tweede Prinses: Jessica Swart (Orania)
Eerste Prinses: Zurica van Heerden (Transvaal)
Mej. Sprankelbokkie: Megan von Lieres (NOVS Kavaliers) Prysuitdeling:

Woemahokkie Naaswenners: Transvaal
Woemahokkie Wenners: Griekwas
Woemahokkiespeelster van die toernooi: Tinéy Strydom (Doelwagter Transvaal)
Netbal Naaswenners: Vrystaat
Netbal Wenners: Noord-Vrystaat
Netbalspeelster van die toernooi: Colene Dercksen (Vrystaat)

7's Rugby Naaswenners: Orania
7's Rugby Wenners: Noord-Tvl Noord
7's Rugbyspeler van die toernooi: MC Malan (Noord-Tvl Noord)
Geesbeker: Griekwas

ORANIA CVO DEUR DIE GELOOF

